# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

24 Maart 2020

## OMSENDBRIEF 6/2020

## AP KERK EN DIE GRENDELSTAAT

**Aan alle leraars en voorsitters van kerkrade**

Geagte broeders,

Almal probeer nog om die praktiese implikasies uit te pluis van die President se aankondiging van ŉ verpligte algehele landswye afsondering. Kortom beteken dit dat inwoners van 26 Maart om 23:59 tot 16 April om 23:59 nie hul huise mag verlaat nie, behalwe basies om kos te koop en mediese sorg te ontvang.

Met hierdie aankondiging verval die vorige week se maatreëls oor ŉ getalbeperking vir openbare byeenkomste. **Dit beteken dus dat dit vir die volgende 21 dae onwettig sal wees om enige kerklike aktiwiteite aan te bied**. Dit verander die omstandighede sedert die vorige week dus drasties en talle gemeentes se planne om in kleiner groepe en met meer eredienste te funksioneer, is nou nie meer geldig nie.

Die Gemeenskaplike Kerkkantoor is ook genoodsaak om ons deure vir hierdie voorlopige tydperk te sluit. Ons wil daarop wys dat almal moet besef dat dit ŉ voorlopige tydperk is. Gedurende die volgende twee weke gaan die bevestigde gevalle van die siekte steeds skerp styg en die effek van die algehele landswye afsondering gaan eers ná 14 dae werklik gesien kan word. Daarom is dit ons vermoede dat die owerheid wel gaan gebruik maak van die ruimte wat die wet daarvoor laat om die 21 dae tot ŉ maksimum van 3 maande te verleng. Dit bly egter steeds net ŉ vermoede.

In afwagting van die algehele landswye afsondering, het die personeel van die Gemeenskaplike Kerkkantoor reeds verlede week begin om stelsels in plek te kry, sodat dit vir ons moontlik sal wees om ons **werksaamhede van die huis af voort te sit.** Ons kon ŉ aantal proeflopies daarmee doen en reken dat ons steeds die nodige ondersteuning aan gemeentes sal kan bied. Ons kan u

verseker dat daar geen onderbreking sal wees in die administrasie en oorbetalings van pensioen en mediese fondse se bydraes nie. Van Donderdag 26 Maart om 12:30 sal die Gemeenskaplike Kerkkantoor dus gesluit wees en eers weer DV op 17 April heropen.

Die werksaamhede van die Boekwinkel word wel hierdeur geraak, aangesien **geen bestellings** in hierdie tydperk uitgevoer kan word nie. *Die Boodskapper* vir April 2020 was gereed vir versending toe die aankondigings gemaak is. Ons het egter besluit om hierdie uitgawe elektronies beskikbaar te stel. Die fisiese kopieë sal dan DV saam met Mei 2020 se uitgawe versend word. Hou gerus die kerkverband se Facebook-blad dop vir aankondigings daaroor (https://www.facebook.com/apkerk/) .

Indien u met iemand by die Kerkkantoor in verbinding wil tree, kan u hulle steeds op die volgende e-pos-adresse kontak:

**Kerkadministrasie**
Ds. Johan Schütte (Direkteur): direkteur@apk.co.za
Anine Smit (Argiefassistent): argief@apk.co.za
Elsabé Venter (Ontvangs en algemene inligting): info@apk.co.za

**Finansies**
Gys Janse van Rensburg (Rekenmeester): rekenmeester@apk.co.za
Bennie Potgieter (Rekenkundige beampte): bennie.potgieter@apk.co.za
Danie Behrens (Rekenkundige beampte): danie.behrens@apk.co.za
Madeleen le Roux (Rekenkundige klerk): madeleen.leroux@apk.co.za

**Publikasies**
Ds. Schalk Strauss (Redakteur van *Die Boodskapper*/Afdelingshoof van Publikasies): redakteur@apk.co.za
Melaney Langeveldt (Publikasiebeampte/Sekretaresse van *Die Boodskapper*): boodskapper@apk.co.za

Marius Gouws (Elektroniese Ondersteuningsbeampte – Bemarking & webblad) marius.gouws@apk.co.za
Albert Bierman (Boekwinkel): boekwinkel@apk.co.za
Johan Coetzer (Boekwinkelklerk): johan.coetzer@apk.co.za

Soos wat ons verlede week gemeld het, sien ons ook in hierdie gebeure geleenthede om daadwerklike getuies vir Christus te wees. 23 leraars het ingewillig om vir die volgende 3 weke te help met **elektroniese oordenkings** wat elke dag as video's op die kerkverband se Facebook-blad gelaai gaan word. Verder beplan ons ook **direkte uitsending op ons Facebook-blad** wat

elke dag om 12:00 sal plaasvind. Ons noem dit *Sessie met die professie*. Dit gaan interaktief wees en verskeie onderwerpe sal behandel word. Skakel gerus daarvoor in en stimuleer u geestelike groei in hierdie tyd op hierdie wyse. Ons wil u aanmoedig om lidmate hiervan bewus te maak, om dit te kyk en ook verder te versprei.

Ons het met dankbaarheid verneem van talle gemeentes met **lewendige uitsendings** of opnames van hulle eredienste wat aanlyn versprei word onder lidmate en enige belangstellendes. Indien u gemeente die eredienste op Facebook of YouTube uitsaai, stuur asseblief die skakel en die gemeente se naam na boodskapper@apk.co.za sodat ons 'n lys kan opstel en dit op ons Facebook-blad vir almal se kennisname kan plaas. Ons gaan ook vanuit die Gemeenskaplike Kerkkantoor ŉ spesiale erediens opneem en die video daarvan aan alle gemeentes beskikbaar stel vir gebruik deur diegene wie se gemeentes dit nie reeds self doen nie. Dit sal goed wees indien al ons gemeentes hierdie Sondag na dieselfde boodskap luister. Oorweeg dit dus gerus om die opname vir eerskomende Sondag te gebruik.

Hierdie omstandighede gaan elke kerkraad ook moet laat herbesin oor die manier waarop ons nou moet kerk wees. Elke gemeente se reaksie gaan deur sy eie omstandighede en samestelling bepaal word. Plattelandse gemeentes van wie die meerderheid lidmate boere is, se werk gaan soos elke dag voortgaan. Kantoorwerkers wat nie van die huis af werk nie, gaan ontdek daar is baie huiswerk wat gedoen moet word.

Een van die praktiese implikasies rondom die aangekondigde maatreëls, raak veral **begrafnisse.** Die Nasionale Begrafnisondernemers Vereniging van Suid-Afrika vergader ten tye van die opstel van hierdie omsendbrief nog met amptenare van die Departement van Gesondheid. Op die oomblik het distriksmunisipaliteite hul eie regulasies oor begrafnisse begin aankondig. Dit wil lyk asof talle munisipaliteite die owerheid se aanbevelings hieroor gevolg het. Ons het kennis gekry van drie verskillende munisipaliteite waar geen begrafnisse uit ŉ kerkgebou mag plaasvind nie, maar wel uit die oorledene se huis. Ons beveel dus aan dat u so gou as moontlik met u plaaslike begrafnisondernemer sal skakel om op hoogte te kom van wat die regulasies binne u bedieningsarea is, sodat u met sekerheid kan leiding bied aan lidmate wat ŉ geliefde aan die dood afgestaan het. Vir sommige leraars wat meer as een gemeente bedien, mag dit beteken dat verskillende munisipaliteite se regulasies in ag geneem moet word en dat u selfs sal moet toestemming kry om te mag reis.

Wat **huisbesoek en siekebesoek** deur die leraar betref, wys ek u graag op die vraag wat in 1583 voor die Sinode van die Franse gereformeerde kerke in Vitre gedien het en die antwoord wat

daarop gegee is. Die vraag was of dit raadsaam is vir leraars om mense wat siek geword het van die pes, te besoek? Die antwoord was: "Die Sinode laat die besluit in hierdie geval oor aan die wyse oordeel van die betrokke ouderlingeraad. Daar word wel geoordeel dat indien sulke besoek wel gebring word, moet dit werklike ernstige gevalle wees sodat die hele kerk nie aan gevaar blootgestel word bloot ter wille van een persoon nie. Indien so besoek nie andersins gebring kan word as met die moontlikheid van besmetting nie, moet die leraar steeds op ŉ afstand met die siek persoon praat. Tog word die raad aan leraars gegee, dat hulle in die vooruitsig van ŉ naderende gevaar, in die gewone gang van hulle prediking die Kerk sal voorberei op ŉ tydperk van geduldige onderdanigheid en aanvaarding van so verskriklike bestiering. Met gepaste en spesifieke Skrifgedeeltes moet hy mense in sy prediking vertroos en moeë en verslae geeste weer ophef."

Die ekonomiese impak van die volgende paar weke en maande gaan ook verreikende gevolge vir talle gemeentes hê. Ons is oortuig dat lidmate steeds getrou hul tiendes sal bly gee. Die uitdaging kom egter by die hoeveelheid mense wat moontlik sonder inkomste kan wees. Ons wil kerkrade aanmoedig om die diakonie daadwerklik met lidmate te laat kontak behou en om op hoogte te bly van hul fisiese behoeftes. Dit mag moontlik gebeur dat die barmhartigheidsnood groter word as wat vir die kerkraad moontlik is om te voorsien, daarom wil ons die sinodale **Alimentasiefonds** opnuut onder lidmate se aandag bring. Vanuit hierdie fonds kan die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK) ten tye van enige ramp hulp verleen, soos wat onlangs gedurende die knellende droogte gedoen is. Die droogte het egter die fonds uitgeput. Gesien die owerheid se neiging om hulp op ŉ rassegrondslag te verleen, wil ons graag ŉ beroep doen op lidmate en kerkrade om tot die Alimentasiefonds by te dra en so aanvaar ons verantwoordelikheid vir ons eie mense. Indien nodig en waar moontlik, sal ons egter ook die fonds uit ander fondse aanvul.

Indien u enige verdere navrae het, is u welkom om met ons in verbinding te tree.

*Vriendelike groete*

**Ds. JL Schütte**
**Direkteur van Kerkadministrasie**

**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 🖷 (012) 362-2023